

# Goddelike Gesondheid

B338A

Skriflesing uit Deut.14:1-21 en Rom. 12:1,2

Kernvers: Rom.12:1 – ‘Ek vermaan julle dan broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as ‘n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens’.

Ek kan dus miskien hierdie twee titels aan hierdie boodskap gee; nie net ‘Goddelike Genesing’ nie, maar ‘Goddelike Gesondheid’. Want God wil hê dat ons gesond moet wees – dit is ons redelike godsdiens.

Daar is ‘n neiging onder die kinders van God om te sê, veral wanneer hulle nou streef na heiligmaking: ‘Aag, hierdie ou liggaam maak nie meer saak nie, dis my gees wat tel.’ Maar dit is juis hierdie liggaam van ons wat ons moet koester en wat ons moet opbou.

Dit is tragies dat soveel ‘diep’ kinders van die Here, wat so ‘n heilige lewe lei, nogtans so min van hul liggame weet, en so min aandag daaraan gee.

Wat sê God van ons liggame; dat daar ‘n verband is tussen ons gees, siel en liggaam? Baie mense mis hierdie vereiste van die Here nl. dat ons ons liggame stel voor God as ‘n lewende, heilige en aan God welgevallige offer.

Die gees van die mens en sy liggaam is onafskeidbaar van mekaar selfs in die dood; ons glo dan aan die opstanding van die liggaam net soos Jesus in Sy liggaam opgestaan het? Fil.3:20,21 praat van ons vernederde liggaam wat van gedaante sal verander om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam...

Ons is gees, siel en liggaam en dus onafskeidbaar van mekaar. ....die siel, waar die gedagtes en emosies en geloofslewe lê affekteer die denke en affekteer die gees en andersom, en so word die liggaam geaffekteer. Dis waar so baie siektetoestande ontstaan.

As ek hierdie dinge nie weet nie, kan ek nie ‘n komplette Christelike lewe lei nie. So het God dan ook vir Sy volk gesondheidswette gegee... die kosse wat ons eet speel ook ‘n baie belangrike rol daarin dat God se kinders in Goddelike Gesondheid moet leef!